SA BRAFORD

# BRAFORD


SUID-AFRIKA | SOUTH AFRICA



SEPTEMBER | 2025

# VOORBLADFOTO

- Bonheur Pieter-Steph, GM2261



# INHOUD


- Uit die Kantoor
- Uit die Raadsaal - Johan de Jager
- Ontmoet die Teler - Dirk van Dyk
- SA Braford Nasionale Veiling - Opsomming
- AGM & Evening Function
- Die rol van Akkurate Data-insameling in die Beesbedryf
- Sale Results 2025
- Braford Calendar 2026
- Steps to becoming a registered Braford breeder


# Uit die Kantoor



Beste Braford Teler,

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lede by die Genootskap en sien uit om 'n pad saam met julle te stap:

- Fred Smith van Cedarville
- Hannes Combrink van Molteno
- JP Potgieter van Lady Grey
- Jan-Abraham Joubert van Cedarville
- Nathan Underhay van Deneysville
- Pieter & Lourens Swart van Standerton

Dit is weer tyd om die 2024-gebore kalwers se speen / 200dae gewigte te neem. Onthou asseblief om die moeder se volwasse koei gewig ook te neem. Hoe meer inligting die kantoor ontvang, hoe hoër die akkuraatheid van ons diere se syfers.

Maak asseblief seker dat die bulle wat in jou stoet gebruik word, gekeur is en hul DNA getoets is alvorens hul by die vroulike diere geplaas word.

Kontak my gerus vir enige navrae.

Braford-groete,

*Marguerite Fouché*


072 594 4500
info@braford.co.za


Volg ons op Facebook & Instagram



Photo - Z4T Brafords

# UIT DIE *Raadsaal*

JOHAN DE JAGER
PRESIDENT

Ons nader die einde van 2025 en kyk terug op 'n baie suksesvolle jaar vir die Brafordras en sy telers. Die Brafords het baie aandag getrek in die 2024 en 2025 seisoen. Daar was verbetering ten opsigte van media bemarking en sigbaarheid. Die belangrikste is dat ons verbetering toon in die kwaliteit van ons diere wat ons aan die mark beskikbaar stel. Willemien Pieterse het die keurings strenger gemaak wat 'n groot bydrae gelewer het tot die hoë kwaliteit van ons diere. Dankie aan al die telers wat nie teenstrydig daarmee was nie.


Johan de Jager

Dit is lekker om te sien dat ons Brafordboere groei toon in verskeie areas. Ons sien uit na 'n nuwe seisoen met nog nuwe hoogtes ten spyte van vele uitdagings wat die veebedryf ervaar, bv. Bek-en-klouseer.

Die Raad beplan om 'n Junior en Senior kursus aan te bied in 2026. Ons nooi elke teler en nuwe lid hartlik uit om dit saam met ons te geniet en ons kennis so 'n bietjie op te skerp in terme van die Rasstandaard, die belangrikheid van goeie vroulike diere in jou kudde en die belangrikheid van korrekte bulle. Hou ons platforms dop vir meer inligting.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om elke nuwe teler en vriend by ons top Genootskap te verwelkom. Mag ons almal saam die SA Braford na nuwe hoogtes neem.

Groete,
Johan de Jager
Bonheur Brafords

## BRAFORD **COUNCIL 2025 / 2026**

*Have a Braford question? Our council is here to help with advice, information, or guidance on all things Braford.*



**Johan de Jager**
**President**
Bethal
060 966 3693



**Jan Meaker**
**Vice President**
Warden
079 883 9760



**Jan Uys**
**Council Member**
Stoffberg
082 858 2908



**Faan Greyling**
**Council Member**
Lady Grey
076 111 9575



**Ralf Rodewald**
**Council Member**
Piet Retief
083 661 0465



**Dirk van Dyk**
**Council Member**
Vrede
083 728 7745

# Ontmoet die Teler *Dirk van Dyk*

Liewe vriende en mede Boere,

Dit is vir my 'n absolute voorreg om myself, Dirk van Dyk, my gesin, asook my boerdery passie te kan voorstel aan mede Brafordboere.




Ek is getroud met Damy, en ons is dankbaar en baie trots op ons 2 seuns, Sam (13) en DC (7). Ons is woonagtig in die Vrede omgewing en bedryf 'n gemengde boerdery sedert 2006.


Destyds was ons begin 'n werklike "begin", vanaf nul. Vandat ek geld begin verdien het was daar vir my geen ander fokus as om 'n boerdery op die been te bring nie, en so het ons vir die afgelope 19 jaar gedroom, geleer, verloor, gewen en weer gedroom oor 'n toekoms in landbou. Van meet af was beeste vir my 'n passie en ek kon sonder moeite of verdriet meeste naweke deurbring op die plaas met planne, werk en drif vir die ontwikkeling van 'n beeskudde. Dan het ons gewoonlik Maandae weer ingesak in 'n professionele wêreld met vuil naels en soms die reuke van jou naweek se handewerk - veral met horings brand!

Ons het op 1 Julie 2024 amptelik by die SA Braford Genootskap as lede aangesluit onder die naam 3DS Brafords.

Dit is vir my 'n groot voorreg om op die Raad van die Brafords te kan dien, dis 'n geleentheid wat ek wil aangryp in diens van die lede en bevordering van 'n bees met blits!

Beste groete,
Dirk en Van Dyk-gesin

**"'n Geleentheid wat ek wil aangryp in diens van die lede en bevordering van 'n bees met blits!"**


DC en Sam van Dyk


Sam tussen die Brafordkoeie

# SA Braford Nasionale Veiling

Opsomming deur
Jan Uys, Stoffberg

**Datum: 14 Junie 2025**
**Plek: Afridome, Parys**

Die SA Braford Nasionale Veiling wat op 14 Junie 2025 plaasgevind het, het uitstekende belangstelling getrek en goeie pryse opgelewer.

Verkoopsresultate:

**Bulle:** 9 bulle is verkoop met die hoogste prys van R185 000 en 'n gemiddelde prys van R100 555.

**Dragtige Verse**: 85 verse is verkoop. Die hoogste prys wat behaal is, was R50 000, met 'n gemiddelde prys van R25 435.

**3-in-1**: Daar is 3 diere in hierdie kategorie verkoop teen 'n hoogste prys van R40 000, terwyl die gemiddelde prys R35 000 was.

**Koei en Kalf**: 1 koei met 'n kalf is verkoop vir R37 500, wat ook die gemiddelde prys verteenwoordig.

Die veiling het weereens bewys dat daar 'n sterk mark vir Braford-beeste bestaan. Die bulle het die hoogste pryse behaal, terwyl die groot aantal dragtige verse wat verkoop is, die breedte van belangstelling onder kopers uitgelig het.

Die veiling was 'n groot sukses en toon die groeiende waarde en gewildheid van die Braford-ras in Suid-Afrika.















Photos - Lisa Verwey & Laraine Theron

# AGM & Evening Function

SA Braford held their Annual General Meeting on 13 June 2025 at the Afridome in Parys. New council members were appointed to lead the association, namely Johan de Jager (President), Faan Greyling, Jan Meaker, Ralf Rodewald, Jan Uys and Dirk van Dyk.

Several awards were presented to breeders in recognition of their achievements and contributions to the breed during the past year, as well as at the SA Braford Show held alongside the National Auction.



**Award** - Certificate of Appreciation.
**Photo** - Marguerite Fouché & Jan Meaker. Jan served as the President of SA Braford for 6 years.



**Award** - Breedplan Completeness of Performance.
**Photo** - Ralf Rodewald from Rodewald Brafords, Marguerite Fouché and Johan de Jager.



SA Braford Dinner, Afridome Parys






**Awards** - Heifer Champion, TH2218 & Champion Bull, TH21177.
**Photo** - Phillip Thiele and Carl Thiele from Thiele Holdings, Marguerite Fouché and Johan de Jager.






**Awards** - Champion Female, Bonheur GM18114 & Reserve Champion Bull, Bonheur Eben GM2110.
**Photo** - Gert van der Merwe from Bonheur Brafords, Marguerite Fouché and Johan de Jager from Bonheur Brafords.






**Awards** - Reserve Heifer Champion, M22215, Reserve Female Champion, M17265 & 3rd Place Bull, M2173.
**Photo** - Marguerite Fouché, Jan Meaker from Meaker Brafords and Johan de Jager.









**Awards** - 3rd Place Heifer, Nooitgedacht NT22238 & 3rd Place Female, Nooitgedacht Nt20272.
**Photo** - Theuns de Jager from Nooitgedacht Brafords, Marguerite Fouché and Johan de Jager.






**Award** - Best Bull Born in 2021, Stabra SB21111.
**Photo** - Marguerite Fouché, Jan van Niekerk from Stabra Brafords and Johan de Jager.



The AGM was attended by the current and previous Presidents of the Braford Cattle Breeders' Society of South Africa. Photo fltr - Johan de Jager, Jan Meaker, Jaco Storm, Wessel Wessels, and Dr. Johan Meaker.


# Die rol van Akkurate Data-insameling in die Beesbedryf

Faan Greyling

Hierdie data vorm die grondslag waarop genetiese seleksiebesluite geneem word, en beïnvloed direk die akkuraatheid van teelwaardes.

**Hoekom akkurate data belangrik is.**
Teelwaardes is 'n wetenskaplike voorspelling van 'n dier se genetiese waarde, gebaseer op prestasie-data van die dier self, sy nageslag en verwante diere. Hoe meer volledig en akkuraat die data, hoe meer betroubaar word die teelwaardes. 'n Enkele fout in metings soos gewigte, speenouderdom of vrugbaarheidsrekords kan die hele genetiese prentjie skeef trek.

Byvoorbeeld, as 'n speengewig verkeerd aangeteken word – sê 250 kg in plaas van die



werklike 220 kg – kan dit die indruk skep dat die kalf se groei baie beter is as wat dit werklik is. Hierdie oordrewe prestasie word dan in die berekeninge van teelwaardes weerspieël, wat daartoe lei dat telers 'n dier selekteer wat in werklikheid nie die genetiese potensiaal het nie. Die gevolg? Teleurstellende nageslag en finansiële verliese.

**Die effek van swak data of onvolledige data insameling.**

- Dit maak Teelwaardes minder betroubaar.
- Lei tot verkeerde teelseleksies.
- Dit kan die genetiese vooruitgang van 'n kudde vertraag.
- Langtermyn winsgewendheid benadeel.

**Hoe om data-akkuraatheid te verbeter.**

Konstante akkurate metings – Gebruik dieselfde toerusting en prosedures vir al jou weeg- en meetwerk.

- Korrek aangetekende ouderdom – Weeg en meet diere op die regte ouderdoms-intervalle.
- Volledige rekords – Hou alle prestasie- en reproduksiedata op datum, selfs van diere wat nie buitengewone prestasie toon nie.
- Opleiding – Verseker dat personeel wat data insamel, die belangrikheid en tegniek verstaan.

**Slot.**

Akkurate data-insameling is die bousteen van 'n suksesvolle teelprogram. Betroubare teelwaardes gee telers die vermoë om met selfvertroue genetiese vooruitgang te maak, risiko's te verminder en winsgewendheid te verhoog. In 'n bedryf waar elke besluit tel, kan die verskil tussen sukses en mislukking eenvoudig die akkuraatheid van jou data wees.

**"In 'n bedryf waar elke besluit tel, kan die verskil tussen sukses en mislukking eenvoudig die akkuraatheid van jou data wees."**



Foto - Ons Deel Brafords

*Braford*

# Sale Results 2025

Explore the highlights from the 2025 Braford auctions. This year, multiple events showcased exceptional genetics and set new standards across the breed. Review the results to celebrate the achievements of our breeders and the impressive performance of Braford cattle throughout the sale season.



Thiele TH21177 (Lot 3) - R 185 000

## 11th National Braford Auction
## 14 June 2025, Parys

Bulls
Sold – 9
Highest – R 185 000
Average – R 100 555

3-in-1 Females
Sold – 3
Highest – R 40 000
Average – R 35 000

Heifers in Calf
Sold – 85
Highest – R 50 000
Average – R 25 435

Cow & Calf
Sold – 1
Highest – R 37 500
Average – R 37 500

Thiele TH21177 (Lot 3), was the highest-priced bull of the day selling at R 185 000.

Congratulations to the seller, Carl Thiele from Thiele Holdings (Paulpietersburg), and the buyer of this fantastic Braford bull.



Bonheur GM2279 (Lot 5) - R 165 000



Bonheur GM2269 (Lot 8) - R 165 000

## Bonheur Brafords 5th Production Auction
## 25 June 2025, Bethal

Bulls
Sold – 24
Highest – R 165 000
Average – R 74 375

Cow in Calf
Sold – 1
Highest – R 50 000
Average – R 50 000

Cow & Calf
Sold – 5
Highest – R 55 000
Average – R 36 000

Heifers in Calf
Sold – 9
Highest – R 30 000
Average – R 22 222

Two bulls sold for R 165 000 each. Bonheur GM2279 (Lot 5) sold to Carl de Jager from the Nooitgedacht Braford stud, Ladysmith. Bonheur GM2269 (Lot 8) sold to Karl Schultz from Dalton.

Congratulations to the sellers, Gert van der Merwe and Johan de Jager from Bonheur Brafords, and to the buyers on investing in top genetics.



Meaker M2113 (Lot 3) - R155 000

## Meaker Brafords 13th Production Auction
## 16 July 2025, Warden / Vrede

Bulls
Sold – 32
Highest – R 155 000
Average – R 73 203

Cow & Calf
Sold – 2
Average – R 45 000

Heifers in Calf
Sold – 15
Average – R 26 667

Open Heifers
Sold – 17
Average – R 19 353

Meaker M2113 (Lot 3), was the highest-priced bull of the day selling at R 155 000. Congratulations to the seller, Jan Meaker from Meaker Brafords, and the new owners, Gert van der Merwe and Johan de Jager from Bonheur Brafords (Bethal).




## 31st OTVL Bull Sale
## 23 July 2025, Ermelo

We're proud to share that the highest-priced bull of the day was a Braford – a fantastic achievement for our breed at this prestigious multi-breed sale.

Braford Bulls
Offered / Sold – 9 / 8
Highest Price – R120 000
Average Price – R80 174

Stabra SB22197 (Lot 168), was the highest-priced bull at the sale. Congratulations to the seller, Stabra Brafords (Piet Retief), and the buyer, WP Pretorius from the Zoekop Braford stud (Belfast).



Z4T T22141 (Lot 14) - R150 000

## Brafords@Besters Auction
## 27 August 2025, Farm Trekboer

Bulls
Offered / Sold – 15 / 15
Highest – R 150 000
Average – R 79 875

Heifers in Calf
Offered / Sold – 27 / 27
Highest – R 23 000
Average – R 20 900

Open Heifers
Offered / Sold – 15 / 15
Highest – R 23 000
Average – R 20 733

Z4T T22141 (Lot 14), was the highest-priced bull of the day. Congratulations to the seller, Z4T Brafords (Ladysmith), and the buyer, Nooitgedacht Brafords (Ladysmith).



BeefPower VAG22150 (Lot 3) - R100 000

## BeefPower Brafords Production Auction
## 11 September 2025, Aliwal North

Bulls
Offered / Sold - 14 / 14
Highest - R 100 000
Average - R 57 000

Heifers
Offered / Sold - 20 / 20
Highest - R 19 750
Average - R 18 500

BeefPower VAG22150 (Lot 3), was the highest-priced bull of the day, selling at R100 000. Congratulations to the Greyling family for breeding this top bull, and to the new owner, Francois Pretorius from Barkley.

# Braford
# Calendar 2026

Join us for another exciting year as we showcase a lineup of exceptional livestock, bred with dedication and quality. **We encourage you to confirm dates and details directly with breeders, so you don't miss out.** Here is your opportunity to elevate your herd to new heights!

**OVS Veld Bull Club Auction**
2 June 2026
Auction Ring, Vrede
Contact
Vickus Tromp + 27 72 823 1118

**SA Braford AGM / AJV**
12 June 2026 at 10:00
Afridome, Parys
Contact
Marguerite Fouché +27 72 594 4500

**12th SA Braford National Auction**
13 June 2026 at 11:00
Afridome, Parys
Contact
Wessel Meyer +27 82 800 4913
PM Swart +27 83 948 3345
Johan de Jager +27 60 966 3693
Office +27 72 594 4500
info@braford.co.za

**Bonheur Brafords 6th Production Auction**
20 June 2026 at 11:00
Polocrosse Club, Bethal
Contact
Gert van der Merwe +27 82 653 0323
Johan de Jager +27 60 966 3693


**Thiele Holdings 10th Production Auction**
30 June 2026 at 11:00
Farm Schikhoek, Paulpietersburg
Contact
Carl Thiele +27 82 944 0480

**Meaker Brafords 14th Production Auction**
15 July 2026 at 12:00
Vrede / Warden
Contact
Jan Meaker +27 79 883 9760

**32nd OTVL Bull Auction**
22 July 2026 at 11:00
JENVOS, Ermelo
Contact
Jan van Niekerk +27 82 556 5965

**Brafords@Besters Auction**
26 August 2026 at 11:00
Farm Trekboer
Contact
Theuns de Jager +27 72 909 1861
Carl de Jager +27 83 300 6615

**BeefPower Braford Auction**
10 September 2026
Sun Down Lodge, Aliwal North
Contact
Van Aardt Greyling +27 82 782 7674



**Preliminary Dates | Subject to Change**

# STEPS TO BECOMING A REGISTERED BRAFORD BREEDER

**Follow these steps to become a registered South African Braford breeder.**

**START HERE**
**Contact the office for an English or Afrikaans application form - info@braford.co.za**

**Receive application form containing applicable information and fees.**

**Complete the application form in full - Form 1, 2, 3 and 4.**

**NB - all dates and a drawing of your road map need to be completed.**

**Double check your joining date - this date determines part of your membership fee as well as the date which calves can be registered from.**

**Return application form to the office at info@braford.co.za with proof of membership fee payment.**

**Your application will be sent to the registrar.**

**Once the application has been processed, you will be notified of your registered details and receive a VAT invoice.**

**Congratulations! You are now a registered member of the Braford Society!**

SA BRAFORD

**Contact us:**
**+27 72 594 4500**
**info@braford.co.za**

# ADVANTAGES OF MEMBERSHIP

- Add value to your animals
- An income potential apart from only weaners
- New marketing opportunities
- New income possibilities
- Join a network of dynamic beef producers
- Trade ideas, meet other farmers with mutual objectives
- Outstanding professional client services
- 24 hour access to your animal and herd reports
- Annual Technical Advisor visits
- Assistance in animal selection, genetic analysis and general advice
- A sophisticated system for performance testing
- Registration certificates for animals
- A well trained and competent team at the Society's office

# www.braford.co.za

find us on Facebook and Instagram